November 2018

# Stellenberger

## Ons groet vir Peter en Chané Kotze

Deur: ds. Callie Visagie

**Dit is met groot hartseer dat ons die afgelope maand moes kennis neem van ds. Peter Kotze se voorneme om nie voort te gaan met sy bediening in Stellenberg nie. Vir bykans drie jaar het hy en Chané 'n besondere rol gespeel in vele tieners en jong volwassenes se lewens en het hulle ook in die harte van baie volwassenes gekruip.**



Peter se opregte afhanklikheid van die Here, integriteit en sy voorbeeld van 'n lewende verhouding met die Here, was onder meer van die fondamente waarop hy sy bediening in die gemeente gebou het. Sy rol in die gemeente het aan hom die geleentheid gebied om werklik 'n vriend vir vele tieners te kon wees en hy het daarin geslaag om hulle elkeen op sy eie geestelike reis te begelei. Hy was 'n dominee met wie jongmense nie net maklik kon identifiseer nie, maar was ook 'n voorbeeld van iemand wat die weg na Jesus ken en daarna streef om soos Jesus te leef.

Peter se besondere gawe waarmee hy die jeugdienste ingeklee het, veral in noue samewerking met Plofstof (die jeug*band*) was vir baie tieners 'n weeklikse hoogtepunt en die jeugdiens het in 'n ruimte ontwikkel waar daar diepe omgang met die Here was en gebed 'n sentrale fokuspunt gevorm het. Verder het Peter se deernisvolle en sagte omgang met mense na die hele jeugbediening deurgesuur en baie mense aangeraak.

Peter behou sy bevoegdheid as predikant in die NG Kerk en het aangedui dat hy nou eers verdere studie onderneem en dan opnuut oor sy roeping sal besin.

Chané, wat haar eie arbeidsterapiepraktyk bedryf, was nie net betrokke by die kategese as 'n graadleier nie, maar het ook meegedoen aan verskeie van die gemeente se jeugkampe, asook die Reach-groepe wat weekliks vir tieners aangebied is.

Vervolg op bladsy 2 . . .

Vervolg vanaf bladsy 1 . . .

Op **Sondagaand 2 Desember** tydes die **jeugdiens om 18:00** is Peter se amptelike afskeid**.** In die oggenddienste om 09:00 op **9 Desember** in die kerk en tydens die gesinsdiens groet die gemeente hulle as egpaar. Op beide 2 en 9 Desember kuier die gemeente na afloop van die eredienste gesellig saam. Alle lidmate is baie welkom om dié geleenthede by te woon.

# Manne verkwik die gees tydens 'n mannekamp

**Tydens die naweek van 9 tot 11 November het Stellenberg se mannebediening met 27 mans uit die gemeente die ooppad aangedurf om 'n manne-retraite in Slanghoek, Goudini, by te woon. Introspeksie en besinning oor die pad wat die Here met ons elkeen as mens stap is aspekte waaraan aandag gegee is, tydens die besprekings. Daar is natuurlik ook tyd ingeruim vir saamkuier, rugby kyk, braai en nuwe vriendskappe smee.**

Die eilandsituasie leen hom uitstekend daartoe om saam met ander mans te besin oor prioriteite, doelwitte en geestelike lewe. "So 'n wegbreeknaweek bied aan gelowiges geleentheid om net stil te raak en opnuut na te dink oor die visie wat elke gelowige vir sy lewe het en die mannebediening hoop om volgende jaar meer mans die geleentheid te bied om soortgelyke ervarings te beleef, sê ds. Callie Visagie."

Die volgende mannewegbreek word vir 24 tot 26 Mei 2019 by Wortelgat in Stanford beplan.







# Stellenberg-Bybelskool 2019



**Die Evangelies (Matteus, Markus, Lukas en Johannes) is ons primêre bron van inligting oor Jesus. Ons perspektief oor Jesus word uit die inligting in al vier die Evangelies, wat in 'n tipe metaverhaal saamgevoeg is, gevorm.**

Wanneer 'n mens egter elkeen van die Evangelies volledig en aandagtig lees, ontdek jy dat die vier se verhale eintlik heelwat van mekaar verskil en elkeen in eie reg gelees moet word. In elke Evangelie word bepaalde gebeurtenisse en omstandighede belig en deur dié unieke vertellings word gepoog om 'n spesifieke boodskap oor te dra.

Vroeg in 2019 gaan Stellenberg-Bybelskool 'n kursus aanbied waarin elke Evangelie gelees en bestudeer sal word. Kom ontdek die besondersheid van elke Evangelie en die spesifieke boodskap wat dit vir ons tyd inhou. Ons sal van die direkte vertaling, waarvan die proef (Evangelies en Psalms) reeds verskyn het, gebruik maak. Die volledige Ou en Nuwe Testamentvertaling behoort vroeg in 2020 in druk te wees.

Kursusgangers sal elkeen 'n kopie van die proefvertaling waaruit ons saam sal werk, ontvang. Die Bybelskoolreeks sal aansluit by ons kwartaaltema: Ons luister na God.

Inskrywings open vroeg in Januarie 2019. Hou die gemeentebulletin dop vir meer besonderhede.

# Januarie 2019

Teken solank die volgende belangrike datums vir Januarie 2019 aan:

- **Graad 8-kamp:** Alle nuwe graad 8-leerders wat in 2019 by Hoërskool Stellenberg inskakel, word na die gewilde kamp vanaf 4 tot 6 Januarie by die Apostelbattery-kampterrein uitgenooi. Skryf asb. so gou moontlik in. Aansoekvorms kan hier afgelaai word.
- **Kategese-registrasie:** Almal wat in 2019 by die kategeseprogram wil inskakel, moet asb. op 13 Januarie registreer. Junior groepe (voorskools tot graad 7) meld om 10:00 by die grootsaal aan. Senior groepe (graad 8 tot 11) meld om 18:00 by die kerk aan. Daar sal ook weer op 20 en 27 Januarie geleentheid wees om te registreer. Kategesejaargeld beloop R140 per kind.
- **Blokdiens vir graad 1's en hulle ouers** op 13 Januarie om 09:00 in die grootsaal. Ons nooi alle graad 1's en hulle ouers uit na die spesiale blokdiens. Julle sal ons kinderwerker by die geleentheid ontmoet en oor die kategesesisteem in die gemeente ingelig word.

# Die Feesmark stel weer nie teleur nie

**"Voor die aanvangs van die Feesmark het ek en Adri du Randt, medeorganiseerder, vir die predikantegroep gesê dat ons dié projek vanjaar werklik net in geloof aanpak. Op daardie stadium het ons reeds R1,8 miljoen spandeer om die aanbieding van die mark moontlik te maak. Dit het ondermeer die huur van tente, publisiteit, geleentheidsregistrasiefooie en die aanstelling van 'n sekuriteitsmaatskappy ingesluit, maar ons het geen versekering gehad dat die Feesmark in die heersende ekonomiese klimaat 'n goeie opbrengs sou toon nie," vertel Marilize Verreyne, feesmarkorganiseerder. "Dit is daarom met groot dankbaarheid en in volle afhanklikheid van die Here dat ons bekend maak dat die Feesmark se omset met slegs 2% teenoor 2017 verminder het."**

Marilize sê die Feesmark is oor die periode van 16 dae deur ongeveer 64 000 mense besoek. Volgens berekeninge het besoekers gemiddeld R400 per inkopiemandjie spandeer. Die topverkopers vanjaar was weer in die dekorkategorie. Trouens, die eerste, derde, vierde én vyfde plekke is almal ingeneem deur uitstallers wat dekoritems verkoop het. Die tweede plek is behaal deur 'n uitstaller wat eetbare produkte verkoop het.

Die eetgoed in die grootsaal se verkope het 'n bedrag van R4.5 miljoen opgelewer en produkte vir kinders 'n bedrag van R1 miljoen. Alle kaartjies het vanjaar ontsettend goed gevaar asook bad- en spaprodukte.

Die restaurant het 'n omset van R2 miljoen bereik en hulle topverkoper was beslis die gewilde roosterkoeke.

Ongelukkig sluip die negatiewe ook in en diefstal van uitstallers se produkte word 'n al groter probleem ten spyte van kameras wat oral geïnstalleer is en die sekuriteitspan wat sover moontlik 'n wakende oog oor klante hou. Ons sal in die toekoms besonder ernstig aan dié probleem aandag moet gee.

Vervolg op bladsy 5 . . .









Ontmoet 'n paar van ons uitstallers. Foto links: Marje Smit van Carnarvon wat Karooprodukte verkoop. Op die foto in die middel is Casper Fourie van Bellville. Hy verkoop die gewilde waterbottels vir voëls wat in die tuin gehang kan word en regs is Tanya Delport van Durbanville met haar lekker verskeidenheid koffiebone.

… vervolg vanaf bladsy 6

"Uitstallers se persoonlike omstandighede het my vanjaar weer opnuut aan die hart geruk," sê Marilize. "Van ons uitstallers was baie ernstig siek, maar ten spyte van pyn en fisiese ongemak, was hulle tafels altyd vol voorraad. 'n Hele paar van ons meer senior uitstallers het dan ook besluit om na vanjaar die tuig neer te lê. Met party van hulle werk ons al soveel jare saam, dat dit onmoontlik voel om 'n Feesmark sonder hulle voor te stel."

Die Feesmark is 'n fondsinsamelingsprojek van die gemeente, maar dit is ook baie meer en groter as net dít. Dit is 'n lewensaar vir byvoorbeeld pensionarisse wat probeer om hulle inkomste aan te vul, of 'n enkelouer wat 'n kind deur universiteit, of skoolopleiding moet help. Tydens die laaste week van die Feesmark raak die uitstallers se energievlakke ook redelik laag en word dit vir hulle moeilik om met voorraadvlakke voor te bly. Maar dit verg uithou, aanhou en volhou, ten spyte van baie warm dae, siekte, of teleurstelling oor verkope. So tussen die verskriklike bedrywigheid deur word nuwe bande gesmee en verhoudings gebou, baie saam gelag, maar ook saam gehuil.





**Die Feesmark wen weer eerste plek.** Die lekker breë gange en die uitleg van die mark het die Feesmark heelwat komplimente in die sak besorg. Stellenberg Feesmark is dan ook weer deur Die Burger as die beste geskenkemark in die Wes-Kaap aangewys.

# Almanakke 2019



Almanakke vir 2019 sal vanaf Sondag 2 Desember in die voorportale van die kerk en kleinsaal beskikbaar wees. Neem asseblief net een almanak per gesin. Almanakke kan ook vanaf 3 Desember op weeksdae tussen 08:00 en 14:00 by die kerkkantoor afgehaal word.

# Graad 1 tot 3 soek saam na Bybelse skatte

Die graad 1-tot-3's het op Vrydagaand 9 November weer kamp opgeslaan in die grootsaal.  Die skattejagkamp het die maters geleer hoe om skatte in die Bybel te ontsluit.  Daar was heeltyd ook lastige seerowers op die toneel wat die skattejagters daarvan wou weerhou om by die Bybelse skatte uit te kom.  Die groep het egter saam planne gemaak om die lastige seerowers vir eens en altyd op hulle plek te sit.

"Die watertandlekker skatkiskoek op die foto onder, was die hoogtepunt op die kamp se spyskaart," sê  Brenda Visser, kinderwerker.












# 'n Honger vakansie wag op Karookinders

Deur: ds. Why Duvenhage

**Dit is al die afgelope negentien jaar tradisie dat ons gedurende die Desemberskoolvakansie saam met minderbevoorregte kinders by die Apostelbattery gaan kampeer. Ons het beplan om vanjaar die gebruik voort te sit, maar verskeie noodroepe uit die Karoo het my tot stilstand gedwing en laat besef dat die fondse daarvoor begroot eerder gebruik moet word om 'n ernstige tekort aan kos in dele van die Karoo te voorkom.**

Seker gemeenskappe in die Karoo is baie swaar getref deur die doogte die afgelope jaar. Boere se oeste het misluk en gevolglik is honderde seisoenwerkers al die afgelope jaar sonder werk en inkomste. Die harde werklikheid is dat dorpe soos Calitzdorp, Leeu-Gamka en Zoar 'n groot voedselkrisis in die gesig staar. Rolspelers in dié gemeenskappe, met wie ek gereeld kontak het, is baie besorg oor veral die kinders op die dorpe se voeding. Gedurende skoolkwartale ontvang die kinders ten minste een maaltyd per dag by die skool, maar tydens die lang skoolvakansie wat voorlê, word voorsien dat duisende kinders waarskynlik vir dae aaneen nie 'n maaltyd gaan kry om te eet nie.

Ek glo dat ons as gelowiges, veral in die gees van Kersfees, 'n verantwoordelikheid het om na dié weerlose mense uit te reik. Jy kan betrokke raak by die Karoo-kosprojek deur die volgende te doen:

Kollekte tydens die Kerssangdiens op 9 Desember om 19:00 en die drie Kersdienste op Kersdag word aan die Karoo Kosprojek toegesê. Gee gerus 'n bydrae.

Jy kan 'n elektroniese bydrae maak na die gemeente se rekening en net "Karookos" as verwysing gebruik. Rekeningbesonderhede is: NG Stellenberg, ABSA, tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005.



Jy kan ook die volgende produkte skenk: 5/10 kg broodmeel; 5 kg mieliemeel; hawermout; kookolie; blikkieskos soos bully beef en sardyne; rys; langlewe melk; soja-maalvleis; aanmaak-koeldrank; maalvleis; hoender en bevrore groente. Daar sal 'n vrieskas by die kerk beskikbaar wees. Produkte kan saamgebring word na die Kerssangdiens, of Kersdienste, of deur die week by die kerkkantoor afgee word.

Indien jy behulpsaam kan wees met die vervoer van produkte, kontak asb. vir ds. Why Duvenhage by 082 570 5931, of Milda Brits by milda@stellenberg.co.za.

Ons werk saam met betroubare medewerkers op die onderskeie dorpe wat ons behulpsaam sal wees met die verspreiding en voorbereiding van die kos. Op elke dorp staan 'n kosspan gereed om elke tweede dag die maaltye voor te berei. Ons hoop om gedurende die hele Desemberskoolvakansie al om die ander dag een voedsame maaltyd aan alle voorskoolse en laerskoolkinders te voorsien."

*En die Koning sal hulle antwoord: 'Dit verseker Ek julle: Vir sover julle dit aan een van die geringste van hierdie broers van My gedoen het, het julle dit aan My gedoen.*" Matteus 25:40


# Tiendemaandinsameling 2018 tot 2019


**Hartlik dankie aan diegene wat reeds aan die Tiendemaandinsameling deelgeneem het. Jy kan steeds jou bydrae, of bewys van elektroniese bydrae, saambring na die eredienste. In ruil vir jou bydrae ontvang elke gesin 'n spekboomplant wat jy teen 2019 in jou tuin kan uitplant.**

Dié wonderplant is 'n perfekte voorbeeld van teruggee. Een hektaar spekbome vervaardig jaarliks vier tot tien ton suurstof. As gelowiges gee ons uit dankbaarheid terug aan die Here omdat ons so baie van Hom ontvang.



Die tiendemaandinsameling lewer 'n onmisbare bydrae in die gemeente se totale begroting van R10 miljoen. Ons mikpunt vir die huidige insameling is R1,75 miljoen. Die grafiek hier onder verduidelik hoe die gemeentebeursie saamgestel word. Ons insameling het op 5 Desember op R1 130 597 gestaan.



# Matrolbalspan in aksie . . .

Stellenberg-gemeente se matrolbalspan het weereens deurgedring tot die jaarlikse matrolbalkampioenskappe. Hulle het tydens die finale wedstryde die tweedeplek ingeneem nadat hulle die eersteplek met net twee punte aan die wenspan van Klaradyn moes afstaan.









**Samesteller:** Sanèl Joubert / **Taalversorging:** Annemarie Spies /

**Bydraes en voorstelle:** sanel@stellenberg.co.za 021 976 4519

NG Kerk Stellenberg, Edelweissweg, Eversdal / www.stellenberg.co.za